

ROOI BLOKBLOMME OP GEEL



BENODIGDHEDE: 4 stringe Clark's Anchor-stringborduurgaring (dubbel gebruik) goud (0303), 6 stringe granaatrooi (044), 7 stringe rooi (013), 9 stringe oranje (0332); 1 borduurnaald nr. 22 (borduurgaring); geel materiaal, 90 x 50 cm, wat egalig geweeft is (in elke blokkie van 1 x 1 cm moet daar 7 horisontale drade en 7 vertikale drade wees).

BORDUURSTEKE: Gewone oop sier soomsteek; satynsteek om in te vul; stamsteek vir reguit lyne.

LET WEL: 'n Blokkie op die diagram stel 1 horisontale draad en 1 vertikale draad voor. Die invulwerk in satynsteek word oor 1 draad in die breedte en 6 drade in die lengte gewerk.

AANWYSINGS: Knip die materiaal 88 x 49 cm groot. Maak 'n dubbele soom van 2,5 cm rondom en wees versigtig om die hoeke netjies te vou. Daar sal nou 'n plekmatjie van 78 x 39 cm wees. Trek 'n draad al langs die kant van die soom uit, gebruik dieselfde kleur garing as die materiaal en borduur sieroossteek rondom waar die draad uitgetrek is. Borduur die motief oor die twee smal kante van die plekmatjie volgens die diagram en die kleursleutel. Die eerste motief moet vier drade van die onderste soom en vier drade van die kantsoom af geborduur word (tel vanaf die oop sieroossteek). Die ander motiewe volg na 'n tussenruimte van vier drade. Borduur vier motiewe, die een langs die ander.

Stryk die plekmatjie goed aan die verkeerde kant.

DIAGRAM 2

- 1 — oranje
- 2 — rooi
- 3 — granaatrooi
- 4 — goud

